

Net soos 2020, was ook 2021 as gevolg van kroonsiekte, 'n uiters uitdagende jaar. Boonop was dit die eerste jaar van 'n splinternuwe sillabus in graad 12. Twee belangrike faktore was die min onderrigtyd as gevolg van kroonsiekte. Andersyds het almal nog baie onseker gevoel oor presies hoe ons die nuwe leerplan moes onderrig en wat tydens die eksaminering in die antwoorde verwag sou word. Ons het almal voorbeeldvraestelle gehad, maar geen voorbeeldantwoorde nie.

Baie dankie vir almal se dapper pogings. Daar is meestal baie hard gewerk.

ALGEMENE OPMERKINGS OOR DIE KANDIDATE SE BEANTWOORDING

Baie van die deurlopende probleme en foute wat kandidate geneig is om te maak, het maar weer hier kop uitgesteek:

- Kandidate MOET die vrae baie deeglik lees.
- Vrae MOET in die fynste besonderhede geanaliseer word.
- Elke komponent van die vraag moet aandag kry.
- Kandidate kan nie verwag om eenbladsyantwoorde te gee en goeie punte te verwerf nie.
- Die aanbeveling is dat een uur aan elke antwoord spandeer word. Twee en 'n halwe bladsy is 'n goeie gemiddelde lengte-rigtinggewer. Die grootte van die skrif speel natuurlik hier 'n rol.
- Kandidate moet aanhalings in die langvraag gebruik.
- By die kontekstuele vrae bly die uitgangspunt die teks/uittreksel.
- Werk dus eers baie intensief met die uittreksel.
- Verwys na alles in die uittreksel wat op die vraag betrekking het.
- Gedeeltes uit die uittreksel moet aangehaal word om bespreking te motiveer.
- Enkele aanhalings verder uit die teks sou ook benut kon word, maar is nie noodsaaklik nie.
- Aanhalings moet so kort as moontlik gehou word. Twee reëls vol aanhaling is reeds te lank.

KOMMENTAAR OP DIE SPESIFIEKE VRAE

Afdeling A

Vraag 1 Gedigte (kontekstuele vraag)

1A Kies twee digters uit die voorgeskrewe lys gedigte. Bespreek maniere waarop die digters die tema van digterskap in hulle gedigte uitbeeld.

Slegs een kandidaat het hierdie vraag beantwoord. Die antwoord was bevredigend.

Die volgende opsies moet in gedagte gehou word by die beantwoording van die vraag.

- Die eerste paragraaf vorm 'n oorkoepelende reaksie op die digterskaptema. Dit sou byvoorbeeld kon verwys na die belang van woorde en verwoording vir digterskap asook die rol van taal. Die uitgangspunt word spesifiek geneem vanuit die twee gekose gedigte onder bespreking.
- Benadering 1: Vervolgens sou elke digter se werk afsonderlik bespreek kon word. Dit hoef nie noodwendig vergelykenderwys gedoen te word nie. Die wesentlike perspektief moet uiteindelik belig word. Fokus ook op tegnieke wat die digters gebruik om digterskap effektief uit te beeld. Hoe raak dit die tema? Knap kandidate sou wel in die besinnende slotparagraaf op die verskil of ooreenkoms in die tematiese benadering wys.
- Benadering 2: Die twee gedigte word telkens in afsonderlike paragrawe oor dieselfde saak bespreek. Daar kan byvoorbeeld met die titel begin word en die funksie van die titel in elke gedig word bespreek. Die struktuur en die funksie vir die uitbeelding van digterskap sou volgende bespreek kon word. Kom telkens terug na die funksie en rol van daardie aspek met betrekking tot digterskap.
- Benadering 3: Die twee gedigte kan in elke paragraaf vergelykenderwys bespreek word. Weer eens is die funksie van die saak wat bespreek word baie belangrik. Hoe en hoekom gebruik elke digter beeldspraak? Hoe sluit dit aan by die spesifieke uitbeelding van digterskap?

1B Lewer indringend kommentaar op die manier waarop die digter ongeregtheid in die onderstaande gedig uitbeeld. “Lied van die kinders” - Lina Spies

Verskeie kandidate het die vraag beantwoord. Dit was ook bevredigend. Die grootste fout wat kandidate maak, is om bloot die gedig te parafraseer – dus in hulle eie woorde te verduidelik.

Die fokus van hierdie vraag was ongeregtheid. Kandidate moet dus uitwys watter rol onder ander byvoorbeeld: die titel, die struktuur, rym, beeldspraak, stylfigure, woordkeuse, in die uitbeelding van **ongeregtheid** speel. Weer eens word die funksie van taal, inhoud en struktuur bespreek met betrekking tot die uitbeelding van ongeregtheid. Die tema van ongeregtheid moet dwarsdeur die opstel loop. Die slotreël van elke paragraaf behoort weer hierby uit te kom.

Afdeling B: PROSA

Vraag 2 Kortverhale

Geen kandidaat het hierdie vrae beantwoord nie.

Vraag 3 Roman: Die uurwerk kantel – Marié Heese

3A Bespreek hoe Marié Heese vaderskap in die roman Die uurwerk kantel uitbeeld.

Verskeie kandidate het hierdie vraag aangepak. Hierdie vraag het kandidate se eie vermoë getoets. Hulle moes selfstandig met die teks omgaan en die soort tegnieke wat by ander temas gebruik is, toepas.

Hulle moes dus identifiseer wie die belangrikste voorbeelde van vaders in die roman is. Daarna moes hulle die rol van daardie figure in die verloop van die roman uitwys. Hulle kon ook uitwys watter funksie die spesifieke figure in die roman en veral in Maria se lewe vervul het. Die kandidate wat die vraag geselekteer het, het nie sleg gevaar nie en wel in die uitdaging geslaag.

Daar was meer as genoeg stof in die verband. As 'n mens net na Maria se eie vader kyk, het hy 'n baie belangrike rol in die vorming en keuse van die Mariakarakter gespeel. Die motief van “dinge wat bly” kan ten nouste aan hom verbind word. Dit geld ook die wingerdstokmotief. Die hele kwessie van verwysing en gedigte het sy oorsprong by hom omdat hy graag vir Maria ook aan Hollandse poësie bekendgestel het. Vaderskap speel bowendien 'n besondere rol omdat Maria moederloos grootword.

3B Bespreek hoe en met watter effek konflik en spanning in die onderstaande uittreksel uitgebeeld word.

Baie kandidate het hierdie vraag beantwoord. Dit is sekerlik ook die vraag wat van die beste beantwoord is.

Let net daarop dat die uitgangspunt die uittreksel is. Kandidate moet die uittreksel analiseer met betrekking tot konflik en spanning. Konflik is nie dieselfde as spanning nie. By konflik kon verwys word na die innerlike en uiterlike konflik wat uit die uittreksel blyk. Knap kandidate trek baie kortliks die rol van hierdie spesifieke konflik deur na die res van die roman en hoe dit Maria se lewe verder beïnvloed.

Die taalgebruik in die uittreksel kon baie effektief geanaliseer word om aan te dui hoe spanning en konflik uitgebeeld word.

Die vraag behoort gevra te word: Watter invloed/impak het spanning binne die spesifieke uittreksel? Verder: watter rol speel die uittreksel en die spanning en konflik daarin in die res van die roman?

Vraag 4 Roman: Wildvreemd – Carina Stander

4A Bespreek maniere waarop die skrywer verskillende vertellers gebruik om die hoofkarakter te karakteriseer.

Verskeie kandidate het hierdie vraag beantwoord. Dit was egter die vraag wat die heel swakste beantwoord is.

Die twee foute wat die meeste kandidate gemaak het, was om te verduidelik wie die verskillende vertellers is en watter rol hulle in die roman speel. Dit was nie die vraag nie. Ander kandidate het glad nie die vraag probeer beantwoord nie, maar het bloot die storie oorvertel.

Die fokus van die vraag was die karakterisering van die hoofkarakter, die Byeboer of dan Angelina. Watter rol speel die verskillende vertellers om haar te karakteriseer? Kandidate sou dus na die verhouding tussen die ander karakters en Angelina kon verwys. Daaruit sou hulle Angelina se karakter deur die oë van hierdie vertellers kon aandui. Watter funksie of rol het die soort karakterisering op die onthulling van haar karakter?

Braam Botha is die een karakter wat duidelik simpatiek teenoor haar staan en die meeste direkte kontak met haar het. Gevolglik sou hy as betroubare getuie oor haar gesien kon word. Hy is dus 'n geloofwaardige en simpatieke karakteriseerder.

Die Byeboer tree self as verteller op. Die leser leer baie goed haar karakter ken uit hierdie vertelling. Die uittreksel (terloops) op die vraestel verskaf interessante inligting in dié verband. Die Byeboer as verteller gee die leser insig in

haar diepste psige en ervaringe. Daardeur word sy uitmuntend gekarakteriseer. Dit dra by tot dramatiese ironie en skep spanning wanneer ander karakters haar op grond van waninterpretasies en wanpersepsies kontrasterend en aftakelend karakteriseer. Hulle leuenagtige karakterisering en verbeeldingsvlugte/fantasieë oor die Byeboer dra baie by tot die skepping van simpatie by die leser vir die Byeboer.

Een van die bekende karakteriseringstegnieke is naamgewing. Daar kan al net verwys word na die name/byname wat verskillende karakters aan Angelina gee en hoe dit haar karakter uitbeeld.

Sommige vertellers wys ook op haar handeling. Daaruit word sy gekarakteriseer.

4B Bespreek hoe en met watter effek die hoofkarakter se buiterstanderskap in die onderstaande uittreksel uitgebeeld word.

Verskeie kandidate het hierdie vraag beantwoord. Kandidate het in 'n redelike mate geslaag met hulle antwoorde.

Die uitgangspunt was die uittreksel. Daar is oorgenoeg stof om die Byeboer as buitestander te bespreek. Die medekarakters tree teenoor haar op soos wat 'n mens teenoor 'n buitestander of hier selfs uitgestotene of verwerpte sal optree. Die Byeboer is ook nie onskuldig nie en hou haar eenkant en tree soms doelbewus op sodat ander nie van haar moet hou nie. Sy soek nie hulle guns nie en konformeer nie. Dit maak haar met betrekking tot die tema van bewaring sterker simbolies. Haar buitestanderskap dra by tot die geslaagdheid van die aanbieding van die temas in die roman.

Afdeling C: Drama

Vraag 5 Drama: Kanna hy kō hystoe – Adam Small

5A Bespreek hoe Adam Small epiese en dramatiese elemente gebruik om by te dra tot die dramatiese effek van die drama.

Enkele kandidate het hierdie vraag probeer beantwoord. Ongelukkig het die kandidate grootliks gekonsentreer op die verhaalinhoud.

Wat met die epiese elemente bedoel word, kan verduidelik word. Dit is die verhaalelemente. Hoe dra die verhaal spesifiek by om die dramatiese effek te verkry? Watter konflik blyk duidelik uit die storie wat die dramatiese verloop skep?

By die dramatiese elemente sou verwys kon word na die wyses waarop die aanbieding van die epiese verloop drama skep – dus ook konflik en botsing. Hier sou verwys kon word na die verwagtinge rondom die Kannakarakter en hoe dit nie vervul word nie. Die dramatiese effek sluit ook ten nouste aan by die epiese. Die gebeure wat uitgebeeld word soos die verkragtings en konflik, die ellende en swaarkry dra by tot die dramatiese effek. Die tydsaanbieding van gelyktydigheid vorm deel van die dramatiese elemente en skep die dramatiese effek. Die tegniek van vervreemding is 'n belangrike dramatiese element en skep ook die dramatiese effek van die verhoogspel.

5B Bespreek die belang van die onderstaande uittreksel en die dramatiese effek daarvan op die drama as geheel.

Hierdie vraag is deur geen kandidaat beantwoord nie.

Vraag 6 Drama: My plaas se naam is Vergenoeg – George Weideman

6A Bespreek hoe die dramaturg se keuse van die titel bydra tot dramatiese effek van die drama.

Verskeie kandidate het die vraag beantwoord. Die antwoorde was op 'n bevredigende standaard.

Die titel kan woordeliks geanaliseer word. Verbande tussen die titel en die hoofemas en die verhaal kan aangedui word. Die ironiese dubbelsinnigheid in die titel kan uitgewys word en dan weer met die drama as geheel verbind word. Letterlike en figuurlike betekenis kan bespreek word.

6B Bespreek die belang van die onderstaande uittreksel en die dramatiese effek daarvan op die drama as geheel.

Verskeie kandidate het die vraag beantwoord. Die meeste antwoorde was nie op 'n baie hoë standaard nie. Die kandidate was geneig om 'n algemene bespreking van die drama te gee en te verwys na die Altydanderskarakter, die vervreemdingseffek, die vierde muur, die drama as hibried tussen die Brechtteater en die klassieke drama. Hierdie selfde elemente kon met betrekking tot die uittreksel bespreek word. Die voorkoms daarvan moes vanuit die uittreksel aangedui word en dan moes na die funksie daarvan vir die drama in die geheel en die dramatiese effek daarvan uitgewys word. Die fokus van die vraag is die dramatiese effek van hierdie gedeelte in die geheel van die drama.

Waar word die teks geplaas? Watter temas kom hier ter sprake en hoe. Watter tydsprong word gemaak en wat is die effek daarvan in hierdie gedeelte, sowel as vir die teks in die geheel? Kandidate het duidelik nie genoegsaam met die uittreksel gewerk nie. Indien die uittreksel deeglik gebruik word, sal die vraag duideliker beantwoord word en daar nie vasgesteek word oor algemene opmerkings oor die drama sonder om die relevansie daarvan uit te wys met betrekking tot die uittreksel nie.

POSITIEWE VOORSTELLE

Onthou asseblief dat die sillabus en merkskemas baie goeie aanduidings is van die verwagtinge rondom die beantwoording van die vraestel en die benadering tot die vraestel. Bestudeer ook die voorbeeldvraestel en die merkskema indringend. Die generiese vlakgebaseerde nasienskema is die hoofuitgangspunt. Die riglyne met kolpunte aangedui by die vrae is slegs voorstelle en nie 'n memorandum waarvolgens nagesien word nie. Daar is dus geen spesifieke verwagte antwoord nie.

Kandidate moet by die langvraag aan al die fasette wat in die vraag genoem word aandag gee. Dit beteken dat die vraag korrek geïnterpreteer moet word en die funksie van taalgebruik en tegnieke moet uitgewys word – uiteindelik ook vir die teks in geheel waar dit toepaslik is.

By die kontekstuele vraag is die uittreksel die uitgangspunt. Daar moet indringend analities met die uittreksel gewerk word.

Dankie vir al die harde werk.

Baie sterkte vir 2022.